higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

DIE MENSLIKE LIGGAAM EN GEES
NKR VLAK 3

(9020083)

11 Desember 2020 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

584Q1N2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die nommers (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 Die tongbeen is 'n skedelbeen.

1.1.2 Die orbicularis oris is 'n kouspier.

1.1.3 Tiroïedkraakbeen vorm die adamsappel in mans in puberteit.

1.1.4 Die interne nekslagare voorsien suurstofhoudende bloed aan die buitenste gedeeltes van die gesig.

1.1.5 Die ondertongspeekselkliere maak deel uit van die endokriene stelsel.

1.1.6 Die sternokleidomastoïedspiere is aan die laterale kante van die nek geleë.

1.1.7 Die larinks is 'n struktuur van die spysverteringstelsel.


1.1.8 Die hart is in die borsholte geleë.

1.1.9 Adrenalien word toegedien om ernstige allergiese reaksies te behandel.

1.1.10 Die vel bestaan uit twee lae.

(10 × 1) (10)

1.2 Benoem die volgende diagramme. Skryf slegs die antwoord langs die letter (a-h) in die ANTWOORDBOEK.



(8)

1.3 Hartklepsiekte word gekenmerk deur 'n defek in een van die hartkleppe wat tot vroeë dood kan lei.

1.3.1 Noem VIER kleppe wat in die hart aangetref word. (4)

1.3.2 Identifiseer TWEE liggaamstelsels wat regstreeks deur 'n defek in een van die hartkleppe geraak word. (2)

1.3.3 Bespreek waarom 'n persoon met 'n defek in een van die hartkleppe ontydig kan sterf. (4)

1.3.4 Waarom sal 'n persoon met 'n defek in een van die hartkleppe outomaties vinniger asemhaal? (2)

[30]

VRAAG 2

2.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas deur slegs die letter (A-L) langs die nommer (2.1.1-2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Voorste nekspiere	A	karpale bene
2.1.2	Handwortelbene	B	servikale pleksus
2.1.3	Spier van die boarm waar intramuskulêre inspuitings gegee word	C	farinks
		D	tussenrib
2.1.4	Endokriene strukture wat aan die laterale kante van die sternum op die bors aangetref word	E	deltoïed
		F	infrahioïede spiere
2.1.5	Membrane wat die longe vir beskerming omring	G	pulmonêre are
		H	rectus abdominis
2.1.6	Groep senuwees wat uit servikale senuwees 1 tot 8 ontstaan	I	melkkliere
2.1.7	Spiere wat saamtrek en die ribbekas tydens inaseming oplig	J	tarsale
		K	pleura
2.1.8	'n Spysverteringstruktuur wat in die nek geleë is	L	longslagare
2.1.9	Bloedvat wat suurstofhoudende bloed van die longe na die linkeratrium vervoer		
2.1.10	Spiere van die abdomen		

(10 × 1) (10)

2.2 Gee die anatomiese of mediese name vir die volgende strukture:

2.2.1 Gorrelpyp

2.2.2 Stemkas

2.2.3 Sleutelbeen


2.2.4 Skouerblaaie

2.2.5 Borsbeen

2.2.6 Vingerbene

(6 × 1) (6)

2.3 Bestudeer die onderstaande illustrasie en beantwoord die vrae.



2.3.1 Skryf die name van die organe wat A–D benoem is in die ANTWOORDBOEK neer. (4)

2.3.2 Identifiseer die struktuur wat E benoem is. (1)

2.3.3 Bespreek waarom die struktuur wat in VRAAG 2.3.2 genoem is, kan veroorsaak dat 'n persoon in die hospitaal beland. (3)

2.4 Terwyl jy in die straat loop, spring 'n hond oor 'n heining en jaag jou. Jy hardloop weg en klim in 'n boom om jouself teen die hond te beskerm. Jy begin sweet, jou hartklop en asemhaling versnel.

2.4.1 Bespreek die rol van die bynier in die bostaande geval. (4)

2.4.2 Waarom haal 'n persoon vinniger asem tydens en nadat hy/sy gehardloop het? (2)

[30]

VRAAG 3

3.1 Noem die orgaan wat geleë is tussen elk van die volgende sfinkters van die spysverteringstelsel.

3.1.1 Kardiale sfinkter

3.1.2 Piloriese sfinkter

(2 × 2) (4)

3.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (3.2.1-3.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.2.1 'n Struktuur in die kniegewrig wat wrywing tussen die bene van die kniegewrig voorkom.

A Sening
B Ligament
C Patella
D Meniskus

3.2.2. Die ... arterie is agter die knie geleë.

A tibiale
B popliteale
C safena
D plantaar

3.2.3 Die maag is hoofsaaklik geleë in die ... streek.

A regterkantse hipochondries
B epigastriese
C linkerkantse hipochondries
D umbilikus

Kopiereg voorbehou

3.2.4 Die ... verdeel die torakale en abdominale streek.

A trapesius
B deltoïed
C diafragma
D pectoralis major

3.2.5 Die ... voorsien die hart van suurstofhoudende bloed.

A esofageale arterie
B inferieure freniese arterie
C nieraar
D koronêre arteries

3.2.6 Die oog word inwendig deur die ... bene ... beskerm.

A bokaak
B ploegskaarbeen
C sigomatiese
D turbinaat

3.2.7 Die volgende is nie 'n laag van die vel nie.

A epepidermis
B hipodermis
C dermis
D endodermis

3.2.8 Die klier wat trane voortbring, is die ... klier.

A paparotis
B adrenale
C lakrimale
D sublinguale

3.2.9 ... spiere hou die oog in posisie.

A Okulêre
B Orbicularis oris
C Nasale
D Frontale

3.2.10 Spiere van die bobene.

A Gastroknemius
B Kwadriseps
C Trapesius
D Bragioradialis

(10 × 1) (10)

3.3 Baie verskillende stelsels is teenwoordig in die menslike liggaam en hulle werk almal saam vir optimale funksionering van die liggaam.

Noem VIER stelsels wat in die bo- en onderbene aangetref word. (4)

3.4 Teken 'n geheuekaart om die beskerming van die sentrale senuweestelsel te illustreer. (6)

3.5 Die ma van 'n pasgebore baba moet besluit of sy haar baba gaan borsvoed of bottelvoed.

Bespreek die gevolge van elke voedingstipe op die immuunstelsel. (2 × 3) (6)

[30]

VRAAG 4

4.1 Dui aan of die volgende sleutelkonsepte dié van die psigodinamiese, behavioristiese of ontwikkelingsgerigte benadering is. Skryf slegs die antwoord langs die nommer (4.1.1-4.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Beloning

4.1.2 Groei

4.1.3 Bewuste

4.1.4 Maturasie

4.1.5 Gevolg

4.1.6 Onbewuste

(6 × 1) (6)

4.2 Noem VIER persoonlikheidstipes. (4)

4.3 Noem en bespreek die eerste stadium van Sigmund Freud se psigoseksuele stadiums. (4)

4.4 Bespreek hoe koors en inflammasie iemand kan beskerm wat in 'n geroeste spyker trap. (5)

4.5 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Sam, sy vrou en agt maande oue baba woon in 'n informele woonplek met vensters wat elke dag toegemaak word om te voorkom dat die baba verkoue kry. Die baba is nog nie geïmmuniseer nie. Sy kry slegs bottelvoeding en word soms water gevoer sodat die melk langer kan hou tot die volgende kindertoelaag betaal word. Sam rook in die huis.

Watter raad sou jy die gesin gee wat hulle kan help om hul immuunstelsels te versterk? (6)

4.6 Noem DRIE maniere waarop die vel die liggaam beskerm. (3)

4.7 Noem TWEE tekens/simptome van inflammasie. (2)
[30]

VRAAG 5

5.1 Gee VYF praktiese voorbeelde van hoe jou sintuie jou beskerm. (5 × 2) (10)

5.2 Gee SES funksies van die skelet. (6)

5.3 Noem die DRIE lae van die uterus. (3 × 2) (6)

5.4 Hoe behoort ouers volgens Erik Erikson hul kinders te dissiplineer wanneer hulle foute maak? Staaf jou antwoord. (3)

5.5

Susan is 4 jaar oud. Haar ma pak vir haar 'n grondboontjiebottertoebroodjie, vrugte en jogurt in vir middagete. Susan moet kies of haar ma die middagete in die groot of klein kosblik moet pak. Sy kies die groot kosblik.

5.5.1 Noem die stadium van Susan se kognitiewe ontwikkeling volgens Jean Piaget. (2)

5.5.2 Staaf jou antwoord in VRAAG 5.5.1. (3)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Noem die stelsels waartoe elk van die volgende organe/strukture behoort.

6.1.1 Milt

6.1.2 Meninges

6.1.3 Talgkliere

6.1.4 C-vormige kraakbeenringe

6.1.5 Pelvis

(5 × 1) (5)

6.2 David het erge allergieë. Wanneer ook al die wind waai, nies hy baie en sy oë traan. Hy is een keer vantevore in die hospitaal opgeneem weens 'n ernstige allergiese reaksie op 'n onbekende allergeen.

6.2.1 Identifiseer die allergiese reaksie wat veroorsaak het dat David gehospitaliseer is. (1)

6.2.2 Noem enige VIER allergene wat moontlik vir David se allergiese reaksie verantwoordelik kan wees. (4)

6.2.3 Dui aan of die gevallestudie na eerstelinie- OF tweedelinie-verdediging verwys. Staaf jou antwoord. (1 + 3 × 1) (4)

6.3 Verduidelik hoe die eienskappe van 'n ekstrovert hom/haar sal help om 'n suksesvolle loopbaan te hê. (5 × 2) (10)

6.4 Noem DRIE opportunistiese infeksies. (3)

6.5 Noem die siekteveroorsakende mikroörganismes wat elk van die volgende veroorsaak:

6.5.1 Mondsproei

6.5.2 Malaria

6.5.3 MIV, griep

(3 × 1) (3)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou